Huppelhoekie Kleuterskool

Maraisstraat 45, Rustenburg, 0299
Tel: 014 592 4667
admin@huppelhoekie.co.za of hoof@huppelhoekie.co.za

# Her-registrasie en Skoolgeld 2024

Finansiële druk kom uit alle oorde en alhoewel die versorging en veiligheid van elke ouer se kind altyd eerste prioriteit sal wees, kan 'n rand ook net so lank gerek word. Ons het dit in ag geneem tydens die opstel van die 2024 begroting. Marknavorsing het ook getoon dat Huppelhoekie steeds een van die goedkoopste kleuterskole in Rustenburg is, en dat ons die meeste bied vir leerders en ouers. Ouers wat graag die begroting vir 2024 wil bestudeer, kan dit by Miranda in die kantoor besigtig.

## Skoolgeld 2024

- Skoolgeld word verhoog na **R2100.00** per maand.
- Registrasiegeld bly onveranderd op **R800.00** per jaar.
- Skoolgeld is betaalbaar oor 12 maande.
- Registrasiegeld is betaalbaar **VOOR/OP** die leerder se **eerste skooldag** in 2024.
- Skoolgeld is STRENG VOORUITBETAALBAAR **VOOR die 7de** van elke maand.
- Matras- en lakengeld verhoog in **2024 na R250.00**.

## Kortings

- Indien u twee kinders in die skool het, betaal die **tweede kind slegs R2000.00.**
- Indien u drie kinders in die skool het, betaal die **derde kind slegs R1900.00.**
- Indien u 2024 se skoolgeld **TEN VOLLE vereffen VOOR OF OP 31 JANUARIE 2024**, kry u **R2100.00** korting vir die eerste kind; **R2000.00** korting vir 'n tweede kind en **R1900.00** vir die derde kind.
- Indien u 2024 se skoolgeld **TEN VOLLE vereffen VOOR OF OP 29 FEBRUARIE 2024**, kry u **R1050.00** korting op die eerste kind; **R1000.00** korting vir die tweede kind en **R950.00** korting vir die derde kind.

## Spesiale Kortings

- Vir elke nuwe inskrywing (2023 of 2024) wat 'n ouer verwys vanaf 1 September 2023 en die inskrywing word ontvang voor 15 Desember 2023, ontvang die ouer **R400 korting** op 2024 se skoolgeld. Bepalings en voorwaardes geld. Hou in gedagte dat ons weer 'n **Black Friday Week** (20-24 November 2023) het wanneer nuwe aansoekers vir 2024 ook finansieel voordeel sal kan trek.

## Her-registrasie

- Her-registrasie vir 2024 vind nou reeds plaas. U MOET WEER registreer vir 2024 indien u kind in Huppelhoekie aanbly.
- Klasindelings vir 2024 sal einde Oktober op die kennisgewingborde by die ingange aangebring word.
- Indien u 'n voorkeur klassie vir u kind in 2024 het, dui dit asseblief duidelik op die aansoekvorm in die toepaslike blokkie aan! Neem kennis dat daar wel personeelverskuiwings in 2024 sal plaasvind, en dat dit dalk nie moontlik sal wees om u kind in 'n spesifieke personeellid se klassie te plaas nie.

**Vir enige navrae kontak gerus vir Esmé of Miranda by 014 592 4667**

